Foto deur Erika Hanekom

Die Dormer

Die ideale vleisras - eg Suid-Afrikaans

Die Dormer is 'n Suid-Afrikaans geteelde witwolvleisskaap wat na jare van intensiewe navorsing by die Elsenburg Landboukollege ontwikkel is uit kruisings tussen Dorset Horn-ramme en Duitse Merino-ooie (tans SA Vleismerino).

Die doel met die ontwikkeling van die ras was om 'n vroegryp skaapras te teel wat:

- Vinnig en bekostigbare vleis kan produseer.
- Goed aangepas sou wees by toestande in die winterstreek.

Die doel was ook om geskikte ramme vir kruisteelt te produseer, veral met die Merino, en daarom is daar besluit op 'n witwolvleisras.

Kruisteling

Die Dormer is die ideale ram vir kruisteling. Dit lewer klein, lewenskragtige lammers by geboorte. Die lammers beskik oor vinnige groeivermoë, kwaliteit karkasse, is vroeg markklaar en is die ideale voerkraallam.

Wolproduksie

Met vleis as hoofdoel, word wol as 'n bonus beskou en vergoed ruimskoots vir die skeer, ent, doseer- en ander bedryfskostes verbonde aan wol. Op twaalf maande word 4-5 kg wol per volwasse skaap geskeer, met 'n lengte van 10 cm, 'n veseldeursnit van 27 mikron en 'n skoonopbrengs van ongeveer 60%.

Die wit wol wat vry is van kemp en gekleurde vesels, maak kruisteling met ander witwolrasse aanvaarbaar. 'n Opvallende eienskap van Dormer-ooie is dat hulle meestal nie hul penswol tydens laktasie verloor nie.

Die ideale Dormer

Die goeie bouvorm-eienskappe, karkaskwaliteit, vroegrypheid, groeisnelheid, vrugbaarheid, moedereienskappe, melkproduksie, onbeperkte teelsiklus en aanpasbaarheid, verseker dat die Dormer die ideale ras vir slaglamproduksie is. Die Dormer, met sy sterk erfdwang wat die vleisbouvorm selfs op laatryprasse oordra en die redelike klein lam by geboorte, leen hom uitstekend tot kruisteling met ander rasse.

Die ideale Dormer voldoen aan die volgende vereistes:

- **Bouvorm:** 'n Lewenskragtige, gladde lyf, witwol, horinglose skaap met goeie bespiering, goeie lengte, breedte en diepte, goed-gevulde agterkwarte, goed-ontwikkelde lende, sterk stoplyn, karaktervolle kop met sterk bek en gepigmenteerde ooglede en sterk goed-geplaaste bene, sterk kootgewrigte en gesonde kloue. Die dier moet gemaklik kan beweeg.
- **Vrugbaarheid en onbeperkte teelsiklus:** Vrugbaarheid word as 'n belangrike eienskap van die ras beskou en daar word vir meerlinge geselekteer. Tweelinge word verkies, hoewel drielinge algemeen voorkom. Selfs vierlinge, vyflinge en 'n sesling is al aangeteken. 'n Lampersentasie van 150% en hoër word algemeen aangetref (lammers gebore teenoor ooie gepaar). Groot getalle surpluslammers verseker die winsgewendheid van die bedryf. Dit vergroot ook die seleksiepotensiaal vir 'n vinniger tempo van genetiese vordering. Die onbeperkte

teelsiklus maak meer as een lamseisoen per jaar moontlik en die lamseisoen kan so gereël word, dat die maksimum weiding benut word.

- **Moedereienskappe, melkproduksie, groeisnelheid:** Die besonder goeie moedereienskappe verseker 'n vinnige groeitoename en 'n hoë speengewig en -persentasie. Dormerlammers handhaaf 'n gemiddelde daaglikse toename van 400 gram tot op ouderdom 100 dae, maar toenames van hoër as 500 gram kom ook algemeen voor. Die lam se massa op 42 dae is 'n goeie weergawe van die ooi se melkproduksie, terwyl die massa vanaf 42-100 dae die inherente groeivermoë van die lam aandui.
- **Vroegrypheid:** Die vroegrypheid van die ras verseker 'n slaglam wat vroeg markklaar is en op ouderdom drie maande 'n kwaliteit karkas van 16-22 kg lewer. Vroegrypheid is ook 'n groot bate wanneer kruisings met laatrypprasse soos die Merino, vir slaglamproduksie aangewend word. Voordele van vroegrypheid is dat die lammers op 'n vroeë ouderdom bemark kan word, ooie langer ruskans kry en meer wol kan lewer, meer ooie per hektaar aangehou kan word en net volwasse diere oorgedra hoef te word tydens swak weidingstoestande. Die lammers is vroeg geslagsryp en ooie kan op 18 maande lam, wat 'n verhoogde omset beteken en die periode tussen geslagte (generasie-interval) verkort.
- **Aanpasbaarheid en voerbenutting:** Dormers is nie-selektiewe vreters, met rustige weigewoontes wat nie die veld onnodig uittrap nie. Die ras se vermoë om lae-gehalte ruvoer in kwaliteit vleis te omskep, maak die ras goed aanpasbaar, ook onder ekstensiewe toestande, en is daarom 'n doeltreffende benutter van ruvoer. Dit maak die Dormer 'n ideale ras vir ekonomiese slaglamproduksie.
- **Lewenskragtigheid en oorlewing:** Alhoewel klein by geboorte (4 kg), is lammers lewenskragtig en neem redelik vinnig in massa toe. Die oorlewing van lammers vanaf geboorte tot speen, het 'n belangrike invloed op die netto reproduksie-prestasie van 'n teelkudde en gevolglik ook die winsfaktor. Oorlewing by lammers is egter laag oorerflik en daarom speel goeie bestuur en versorging 'n belangrike rol om die hoogste persentasie lammers moontlik te speen.
- **Maklike versorging en temperament:** Die kalm, rustige geaardheid van die Dormer vergemaklik hantering en bestuur en skakel goed in by moderne boerderytegnieke. Die gladde lywe, kaal bene en oop gesigte beperk brommeraanvalle tot 'n minimum. Dormers skeer maklik weens die gladde lywe en met die masjien geskeer maak hulle 'n mooi vertoning met so 6-8 weke wolgroei. Dit is 'n vereiste dat wol vir skoue en veilings nie langer as 3 cm moet wees nie. Dormer-ooie lam maklik as gevolg van die klein lam by geboorte en die ooie is uitstekende moeders.

Dormer in 'n neutedop

- **Uitstaande moedereienskappe.**
- **Lewenskragtige lammers.**
- **Onbeperkte teelsiklus.**
- **Kwaliteit karkasse.**
- **Vroegrypheid.**
- **Aanpasbaarheid regoor die land.**
- **Hoë lam- en speenpersentasie.**
- **Ideale vleisbouvorm.**
- **Nie-selektiewe vreters.**
- **Hoë vrugbaarheid.**
- **Baie melk.**

Dormer Skaaptelersgenootskap van Suid-Afrika
Posbus 506, Bloemfontein 9330
Tel: 051 410 0900
Faks: 051 448 4220
E-pos: dormer@studbook.co.za VP